



saaiier

Nommer 252 • 2026
MET GEBEDSGIDS

DIE SAAIER is die amptelike blad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Artikels wat hierin verskyn mag vrylik gebruik word met erkenning.

AUGUSTUS 2026

NOMMER 252

ISSN 1018-1512

Gepubliseer deur: Bybelgenootskap van Suid-Afrika

**KONTAK-
BESONDERHEDE**

Die Redakteur

Die Saaier

p 5500 Tygervallei 7536

t 021 910 8777

e biblia@biblesociety.co.za



Liewe Vriende,

Hierdie is my laaste brief as Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Terwyl ek vir my aftrede voorberei, is ek innig dankbaar vir die merkwaardige reis wat ons saam kon aflê. Dit was 'n voorreg om saam met getroue ondersteuners te dien deur tye van groot teenspoed en hernude hoop.

Gedurende van die moeilikste jare in ons organisasie se geskiedenis, kon ons deurgaans op u vrygewigheid, gebede en aanmoediging vertrou. U vennootskap het 'n beduidende rol gespeel in die omkeer van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Dit het ons in staat gestel om ons bediening te versterk en voort te gaan om God se Woord in die hande van Suid-Afrikaners te plaas. Dankie vir u voortdurende vertroue en vennootskap in die versterking van die BSA as 'n volhoubare en impakvolle bediening van die Kerk.

Ek oorhandig die leisels nou aan ons nuwe Uitvoerende Hoof met groot selfvertroue en gemoedsrus dat die Here die Bybelgenootskap se leierskap met wysheid en nodige hulpbronne sal lei. Ek weet dat die BSA oor 'n toegewyde en Christusgesentreerde leierskapspan beskik, bygestaan deur passievolle personeel wat daartoe verbind is om die Kerk te dien en God se Koninkryk uit te bou.

Aan ons jarelange ondersteuners en vennote en diegene wat onlangs by die Bybelgenootskap-familie aangesluit het: dankie vir julle vertroue en getroue ondersteuning. Die Bybel herinner ons: "Ons is immers medewerkers in God se diens" (1 Korintiërs 3:9).

Mag die Here u en u gesinne ryklik seën terwyl u voortgaan om in sy ewige Koninkryk te belê. Dit was vir my 'n eer om saam met u in God se werk te dien.

Ek vertrek met 'n dankbare hart vol hoop, in die wete dat danksy die Here se genade, die werk wat ons gedeel het, vrug sal bly dra vir die geslagte wat kom.

In Christus,

Rodney van Wyk

Uitvoerende Hoof



'N TWEEDE KANS danksy die Bybel

Om tronkstraf uit te dien, ontnem 'n mens van vryheid. Hoewel dit jou van baie aspekte van die alledaagse lewe skei, kan dit nie die menslike behoefte aan hoop uitwis nie. Vir baie gevangenes is die ontvangs van 'n Bybel die begin van 'n reis na genesing, herstel en 'n nuwe sin van doelgerigtheid. In die bladsye van die Bybel ontdek hulle nie net God se liefde en vergifnis nie, maar ook die moontlikheid van 'n lewe wat verander is.

Die Bybelgenootskap se projek, *Bybels vir gevangenes*, maak die Woord van God beskikbaar aan mans en vroue in korrektiewe sentrums regoor Suid-Afrika. Die mense sou andersins min of geen toegang tot 'n persoonlike Bybel hê nie.

Vir baie gevangenes is dit die eerste Bybel wat hulle ooit besit. Dit word 'n voortdurende bron van troos in moeilike omstandighede en bied wysheid vir


'n ander lewenspad. Dit gee hulle ook die versekering dat God se vergifnis en genade beskikbaar is vir almal wat Hom soek, ongeag hulle verlede.

Die impak van 'n enkele Bybel strek dikwels veel verder as die tronk se mure. Namate lewens deur God se Woord verander word, kan gesinne begin genees, verhoudings herstel en gemeenskappe versterk word. Waar daar eens gebrokenheid was, saai God se Woord die saad van hoop, doelgerigtheid en tasbare verandering.

Jou bydrae tot hierdie projek help om die Bybel te plaas in die hande van iemand wat 'n tweede kans soek.

Deur die *Bybels vir gevangenes*-projek te ondersteun, help jy om die boodskap van vergifnis, verlossing en 'n nuwe lewe te deel met diegene wat dit die nodigste het.

Om die projek te ondersteun, besoek www.bybelgenootskap.co.za.



UITVOERENDE HOOF GEE LEISELS OOR

Ds Rodney van Wyk, die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap, tree aan die einde van Augustus 2026, na bykans 35 jaar van getroue diens, af. Dit merk die einde van 'n vrugryke hoofstuk van leierskap, toewyding en geloof.

Op Vrydag 29 Mei het die personeel van die Bybelgenootskap Rodney en sy gesin amptelik vaarwel toegeroep tydens 'n afskeidsgeleentheid by die Hoofkantoor. Dit was 'n roerende geleentheid waartydens groot dankbaarheid en waardering uitgespreek is teenoor 'n man wie se toewyding aan die Woord van God die Bybelgenootskap gehelp het om deur 'n moeilike seisoen te stuur.

Rodney se verhouding met die Bybelgenootskap getuig van jarelange diens. Hy het in verskeie hoedanighede gedien, onder meer 11 jaar as lid van die Raad van Direkteure. In 2013 is hy

tot Voorsitter verkies, 'n posisie wat hy tot in 2018 beklee het. In 2022, het hy die rol van Tussentydse Uitvoerende Hoof aanvaar. Die daaropvolgende jaar is hy amptelik as die Uitvoerende Hoof aangestel. Sedertdien het hy die Bybelgenootskap gelei deur 'n tyd van hernuwing en stabiliteit.

Diegene wat saam met Rodney gewerk het, weet dat sy leierskap nooit deur titels of status bepaal is nie, maar gekenmerk is deur kalm invloed, nederigheid en 'n onwrikbare vertroue op die Here Jesus Christus. In tye van onsekerheid en moeilike besluite het hy vasgestaan in sy oortuiging dat God die Bybelgenootskap steeds volgens sy plan en doel sou lei.

Onder Rodney se leierskap het die organisasie 'n merkwaardige ommekeer beleef. Tog sal diegene naaste aan hom saamstem dat die grootste



nalatenskap wat hy agterlaat, nie slegs aan organisatoriese prestasies gemeet word nie, maar aan die voorbeeld van getroue Christelike leierskap wat hy daaglik uitgeleef het. Sy opregte liefde vir mense, sy toewyding aan bybelse beginsels en sy vertroue op God het almal om hom bemoedig.

Hoewel aftrede die einde van Rodney se formele leierskap beteken, lui dit ook 'n nuwe tydperk in van welverdiende rus, gehaltetyd saam met sy gesin en voortgesette diens aan die Here op verskillende maniere.

Ons nooi ons donateurs, vennote en vriende uit om saam met ons die Here te dank vir Rodney se getroue diens. Ons bid dat die Here hom en sy gesin ryklik sal seën terwyl hulle hierdie volgende hoofstuk betree, in die vertroue dat die saad van sy getroue diens nog vir baie geslagte vrug sal dra. **ds**





ELKE TAAL verdien God se Woord

Agter elke Bybelvertaling is 'n gemeenskap wat wag om God se stem te hoor in woorde wat hulle laat tuis voel.

Danksy die werk van Bybelgenootskappe regoor die wêreld en die getroue ondersteuning van donateurs, het hierdie droom vir miljoene mense in 2025 'n werklikheid geword.

Volgens die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se jongste verslag oor Bybelvertaling is daar verlede jaar Bybelvertalings in 100 tale gepubliseer. Hierdie werk het die Bybel vir ongeveer 566 miljoen mense meer toeganklik gemaak.

Vir 66 taalgemeenskappe was dit die eerste keer dat hulle 'n Bybelgedeelte, 'n Nuwe Testament of 'n volledige Bybel in hulle eie taal ontvang het. Hierdie eerste vertalings het sowat 32 miljoen mense bereik en die deur oopgemaak vir persoonlike Bybelbetrokkenheid in

tale wat voorheen min of geen toegang tot God se Woord gehad het nie.

Vertaalwerk gaan ook voort in tale wat reeds oor Bybels en Bybelgedeeltes beskik.

Tale verander, woordeskatte vergroot en die behoeftes van lesers verander. Dit is hoekom 34 tale verlede jaar nuwe of hersiene vertalings ontvang het, tot voordeel van meer as 534 miljoen mense.

Een van daardie tale is op eie bodem.

'n Hersiening van die 1933/1953-vertaling is verlede jaar voltooi en digitaal bekendgestel ter viering van Afrikaans se 100ste bestaansjaar in 2025. Hierdie hersiening het uitsluitlik gefokus op taalkundige en spelwyse aanpassings. Die oorspronklike vertaalopdrag asook die teologiese integriteit van die teks het volledig behoue gebly.

Die Bybelgenootskap van

Suid-Afrika is steeds besig met vertaalwerk in tale soos Khelovedu en TjhiHlanganu, waar gemeenskappe met groot afwagting uitsien om die Bybel in hulle hartstaal te lees.

Verskeie mylpale is ook regoor Afrika behaal.

Die eerste volledige Bybel in Oos-Oromo het die lig gesien en sal vir meer as 10 miljoen mense in Ethiopië van nut wees. Die eerste volledige Bybels in Dagaare in Ghana en in Lambya in Malawi is ook gepubliseer. Nuwe Braillebybelgedeeltes is in Ghana, Uganda en Zimbabwe gepubliseer, wat God se Woord ook vir siggestremdes toeganklik maak.

Tog is daar nog baie werk wat gedoen moet word.

Tans het 'n ongeveer 7,6 miljard mense toegang tot ten minste 'n Bybelgedeelte in hulle eie taal. Maar 123 miljoen mense het steeds geen toegang tot die Bybel of gedeeltes daarvan nie. Hoewel 55,7% van die wêreld se tale oor 'n gedeelte van die Bybel beskik, is daar 3 272 tale wat nog vir hulle eerste vertaling wag. 'n Verdere 1,5 miljard mense het nog nie toegang tot die volledige Bybel in hulle



eie taal nie.

Elke vertalingsprojek is 'n tree nader aan ons visie van 'n Bybel vir elkeen.

Jou getroue ondersteuning stel die Bybelgenootskap in staat om betrokke te wees in hierdie wêreldwye missie om God se Woord beskikbaar te stel.

Elke taal waarin die Bybel voltooi word, hersiening wat gepubliseer word en Bybel wat in iemand se hande geplaas word, herinner ons daaraan dat God met mense praat in die taal van hulle hart.

Dankie vir jou voortdurende ondersteuning wat help dat mense die lewensveranderende boodskap van die Bybel in hulle eie taal kan lees en verstaan. **BS**

Hoeveel mense het Bybels en Bybelgedeeltes in hulle taal?




*Totale taalgebruikers is 7,7 miljard

1,5 miljard mense het nie die volledige Bybel in hulle taal nie

- 6,2 miljard mense** het Bybels
- 927 miljoen mense** het Nuwe Testamente
- 454 miljoen mense** het Bybelgedeeltes
- 123 miljoen mense** het geen Bybels of Bybelgedeeltes nie

Hoeveel tale het Bybels en Bybelgedeeltes?



Totale aantal tale is 7 393

55,7% van die wêreld se tale het gedeeltes van die Bybel

- 795 tale** het Bybels
- 1 815 tale** het Nuwe Testamente
- 1 511 tale** het Bybelgedeeltes
- 3 272 tale** het geen Bybels of Bybelgedeeltes nie

Atlete voltooi die wedloop **VIR BYBELS**

Suid-Afrika het 'n groot en aktiewe hardloopgemeenskap, met duisende atlete wat elke jaar aan meer as 138 marathon-aktiwiteite deelneem.

Dit bied atlete talle geleenthede om hulle stokperdjie te gebruik om Bybelverspreiding te ondersteun. Die Bybelgenootskap se *Aktiwiteite vir Bybels* (A4B)-platform is die ideale hulpmiddel vir atlete om op 'n maklike en doeltreffende manier borgskappe en ondersteuners te bereik.

Aubrey Kruger en Leon van Moerkerken is tans die top twee fondsinsamelaars op die A4B-platform en het saam reeds meer as R36 000 ingesamel.

“Die platform werk regtig lekker. Dit is moeiteeloos om te registreer, jou doelwit te laai en dit later vir ander aktiwiteite aan te pas. Die ingeboude funksionaliteit maak dit baie maklik om die skakel per e-pos, WhatsApp of sosiale media te deel. Behalwe vir die ondersteuning van regoor Suid-Afrika, ontvang ek nou ook donasies en borgskappe uit Singapoer, Australië, die VSA, Europa en Oekraïne,” vertel Leon, wat vanjaar sy 35ste Comrades-marathon voltooi het en reeds sedert 1993 vir Bybels hardloop.

“Dit is belangrik dat almal van God moet weet en die geleentheid moet hê om meer van Hom te lees en te leer. Daarom hardloop ek vir Bybels.” **ds**




Aubrey Kruger



Leon van Moerkerken

Bid saam

met die Bybelgenootskappe



28 September–4 Oktober

Nieu-Seeland

Bid vir die Asië-Stille Oseaan Katolieke Affiniteits-groep se pogings om verhoudings tussen Bybelgenootskappe en die Katolieke Kerk in die streek te versterk. Bid dat hierdie vennootskappe sal help om Bybelbetrokkenheid te bevorder.

Papoea-Nieu-Guinee

Die land het meer as 840 taalgroepe en baie gemeenskappe wag nog steeds om die Bybel in hulle eie taal te lees. Bid vir diegene wat by Bybelvertaling betrokke is en vir groter Bybelbetrokkenheid.

Stille Suidsee

Bid vir Bybelwerk in die Stille Suidsee. In Vanuatu alleen gaan vertaalwerk in verskeie tale voort sodat meer mense die Bybel in hulle eie taal kan lees. Bid dat God se Woord blywende hoop en geloof sal bring.

Oos-Timor

Sowat 98% van Oos-Timorese beskou hulleself as Christene. Meer as 16 inheemse tale word hier gepraat en baie gelowiges wag steeds vir 'n Bybel in 'n taal wat hulle verstaan. Bid vir Bybelvertaling en -betrokkenheid en dat God se Woord diep in die gemeenskap wortel sal skiet.

5–11 Oktober

Indonesië

Bid vir ons projek wat kerke help om deur digitale hulpmiddels groter Bybelbetrokkenheid onder mense te bevorder. Vra God dat ten minste 100 kerke en 50 Christelike gemeenskappe die platform sal begin gebruik, sodat meer mense die Bybel sal lees, hoor en deel.

Australië

Bid vir die *Oceania Translation Officer Scholarly Editions*-projek, wat vertalers en konsultante met Griekse en Hebreeuse hulpmiddels toerus. Hierdie belegging is daarop gemik

om 34 Bybelvertalingsprojekte, insluitend gebaretaalprojekte, te versterk en te help verseker dat toekomstige vertalings akkuraat is.

Hongkong

Slegs 16% van Hongkong se inwoners identifiseer as Christene. Bid vir die Bybelgenootskap wat die Bybel deur vertaling, publikasie en digitale hulpbronne meer toeganklik maak.

Taiwan

Bid vir die eerste Bybelvertaling in Taiwaneese Gebaretaal, wat byna 140 000 Dowes sal dien. Vra God om die vertalers met wysheid en eensgesindheid te lei en dat dowe gemeenskappe die Bybel beter sal leer ken.

12–18 Oktober

Filippyne

Baie kerke hier het steeds Bybelmateriaal nodig. Bid vir die Bybelgenootskap in sy taak om hierdie honger na God se Woord aan te spreek deur Bybelvertaling, -verspreiding en -betrokkenheid.

Mikronesië Vennootskap

Mikronesië se geografie maak toegang tot die Bybel moeilik en duur. Bid dat Bybels hier beskikbaar en bekostigbaar sal bly en vir ons pogings om vertaling, digitalisering en Bybelbetrokkenheid te bevorder.

Bangladesj

Bid vir die vertaling van die Nuwe Testament in War-Jaintia. Dit is die eerste Bybelvertaling in

die moedertaal van hierdie taalgroep. Vra God om die vertalers met wysheid te lei en die ondersteuning van plaaslike kerke en gemeenskappe te versterk.

19–25 Oktober

Indië

Bid dat kwesbare gesinne hier beter toegang tot onderwys, maatskaplike ondersteuning en geleentheid sal kry. Bid ook dat die Bybel die baie mense sal bereik wat nog nie met God se Woord in aanraking gekom het nie.

Maledive

Bid vir die Maledive, waar toegang tot die Bybel streng beperk word, met slegs gedeeltes van die Bybel wat in Dhivehi beskikbaar is. Bid vir die suksesvolle voltooiing van Bybelvertalings en vir diskrete maniere om God se Woord beskikbaar te stel aan diegene wat na die waarheid soek.

Sri Lanka

Bid vir die projek om Braille- en Oudiobybels te publiseer. Vra God om diegene wat hierdie opnames doen en versprei, te lei en vir die nodige fondse om die projek te voltooi.

26 Oktober–1 November

Honduras

Bid vir ons nuwe Hoofsekretaris, Marlon Cardona, terwyl hy hierdie nuwe fase van leierskap betree. Vra God om wysheid en visie te skenk. Dank God vir past Jorge Gómez se meer as 30 jaar van getroue diens

en blywende nalatenskap.

El Salvador

Bid vir ons *Living in the Middle of Fear*-projek wat kinders help om die trauma van geweld deur God se Woord te verwerk. Vra God om onderwysers en skole wat hierdie program gebruik, te versterk.

Suriname

Suriname se ryk taaldiversiteit skep 'n voortdurende behoefte aan die Bybel in verskillende tale. Bid vir die suksesvolle vertaling en verspreiding van God se Woord.

2–8 November

Guatemala

Bid vir groter geletterdheid onder ons inheemse gemeenskappe. Sommige taalgroepe het slegs 'n geletterdheidsyfer van 30%, wat toegang tot onderwys en die Bybel beperk. Bid dat ons Bybelgebaseerde geletterdheidsprogramme sal help om hierdie situasie te verbeter.

Dominikaanse Republiek

Ons land herstel steeds van die gevolge van Orkaan Melissa. Bid vir die Bybelgenootskap terwyl dit God se Woord en hoop na kerke en gemeenskappe bring.

Oos-Karibiese Eilande

Bid vir die Bybelgenootskap wat 14 eilandlande bedien, waarvan baie kwesbaar is vir orkane en ander natuurrampe. Vra God om kerke te versterk, Bybelbetrokkenheid te bevorder en gemeenskappe

met die hoop en troos van sy Woord toe te rus.

9–15 November

Nederlands-Antille en Aruba

Bid vir die Bybelgenootskap wat werk met eilandgemeenskappe waar Nederlands, Papiamento en Engels gepraat word. Vra God om Bybelwerk te seën.

Puerto Rico

Bid vir ons kerke wat gemeenskappe dien wat deur armoede, migrasie en herstelwerk na orkane geraak word. Vra God om ons pogings om die Bybel te versprei te versterk, sodat ons hoop deur God se Woord kan bring.

Kuba

Bid vir ons projek waar ons met kerke saamwerk om die Bybel, humanitêre hulp en pastorale sorg te bring aan gemeenskappe wat deur Orkaan Melissa geraak is. Vra God om diegene wat hulle lewens herbou te versterk en om die personeel van die Bybelgenootskap by te staan.

16–22 November

Haïti

Bid vir Haïti, waar voortdurende geweld, ontheemding en onveiligheid steeds toegang tot die Bybel beperk. Vra God om die Bybelgenootskap te versterk terwyl dit Bybels en bybelse hulpmiddels voorsien.

Wes-Indiese Eilande

Bid vir die Bybelgenootskap wat kerke, skole en



gemeenskappe met bekostigbare Bybelmateriaal bedien. Dank die Here vir die Jamaikaanse Nuwe Testament.

Panama

Bid vir Panama se kerke. Mag die Bybelgenootskap Bybels voorsien waar dit die nodigste is en ruimte skep vir 'n dieper begrip van en hernude vertroue in die Bybel.

Nicaragua

Bid vir ons projek om die Bybel aan meer as 35 000 Miskitusprekers beskikbaar te stel. Vra God vir die voorsiening van die nodige hulpbronne en vir die vrywillige leraars wat Bybelstudiegroepe lei.

23–29 November

Costa Rica

Bid vir die vertaling van die Nuwe Testament in Ngäbere. Vra God om die

vertalers en hersieners met wysheid te lei.

Kanada

Meer as 70 inheemse tale word in Kanada gepraat, daarom is daar 'n voortdurende behoefte aan Bybelvertaling. Vra God om Bybelwerk te seën sodat meer gemeenskappe sy Woord kan ervaar.

30 November–6 Desember

Mexiko

Bid vir Mexiko, waar 32% van die bevolking inheemse tale as moedertaal praat en miljoene steeds met geweld, mishandeling en armoede worstel. Vra God om die Bybel in elke taal toeganklik te maak en sodoende hoop, herstel en blywende verandering te bring.

Verenigde State van Amerika

Bid vir Amerika, waar een uit elke vyf volwassenes



skepties teenoor die Bybel staan. Vra God om Bybelbetrokkenheid te verdiep, diegene wat trauma beleef te genees en pogings om die Woord meer toeganklik te maak, te versterk.

7–13 Desember Kazakstan

Bid vir die Bybelgenootskap wat tans besig is om die regstatus van sy hoofkantoor te verseker te midde probleme rondom die eiendomsdokumentasie. Vra God vir 'n gunstige oplossing wat die voortsetting van die bediening moontlik maak.

Kirgisië

Ekonomiese swaarkry dryf steeds baie mense om werk in die buiteland te soek, wat gesinne verdeel en gemeenskappe kwesbaar laat. Vra God om plaaslike kerke te versterk en Bybelverspreiding uit te brei, sodat mense blywende hoop, wysheid en bemoediging in die Bybel kan vind.

14–20 Desember Armenië

Bid vir die nuwe Oos-

Armeense Bybelvertaling, die eerste betekenisgebaseerde vertaling van die volledige Bybel in Oos-Armeens. Vra God om die vertalers met wysheid en eensgesindheid te lei. Mag hierdie nuwe vertaling mense help om God se Woord beter te verstaan, te aanvaar en uit te leef.

Azerbeidjan

Bid vir *LightPath*, 'n innoverende projek wat deur interaktiewe stadstogte Bybelbetrokkenheid onder sowat 3 000 jongmense aanmoedig. Vra God vir ontvanklike harte, leiding vir plaaslike kerke en vrywilligers en dat deelnemers in hulle geloof sal groei.

21–27 Desember Pakistan

Bid vir die Bybelgenootskap se projek om vroue met geteltheidsvaardighede toe te rus en hulle terselfdertyd aan die Bybel in hulle moedertaal bekend te stel. Vra God om elkeen te bemoedig en dat hierdie bediening sal groei en verandering teweeg sal bring.

Afganistan

Bid vir Afganistan, waar minder as 0,1% van die bevolking Christene is en toegang tot die Bybel uiters beperk is. Vra God om gelowiges te beskerm, Bybelvertaling te ondersteun en 'n weg te maak sodat die Bybel diegene kan bereik wat na hoop soek.

28–31 Desember Georgië

Bid vir Georgië, waar ekonomiese onsekerheid steeds baie gesinne raak. Vra God om Bybelbetrokkenheid regoor die land te versterk, kerke te help om mense se begrip van die Bybel te verdiep en 'n nuwe geslag te inspireer om die Bybel te koester.

Russiese Federasie

Bid vir die Russiese Federasie, waar die voortdurende gevolge van konflik en ekonomiese druk baie mense laat soek na hoop en stabiliteit. Vra God om Bybelverspreiding te versterk, sodat meer mense die troos en waarheid van die Evangelie kan ervaar. **ds**

Een hart aangeraak, BAIE LEWENS VERANDER

Een persoon se daad van vrygewigheid maak dit moontlik dat kinders regoor die Sandveldstreek in die Wes-Kaap, God se Woord kan ontvang.

Tydens 'n besoek van Bybelgenootskappersoneel aan die NG gemeente op Redelinghuys in 2024, is 'n anonieme donateur diep geraak deur die behoefte aan Bybels onder graad 7-leerders in die streek. Wat met drie skole begin het, het intussen uitgebrei na sewe skole, met altesaam 108 leerders wat in 2026 hulle eie Bybels ontvang het.

Hierdie klein plattelandse skole bedien hoofsaaklik kinders uit plaasgemeenskappe, waar baie gesinne dit nie kan bekostig om vir elke kind 'n Bybel te koop nie. By die verskillende skole in die Sandveldstreek kon slegs 'n handjievol leerders sê dat hulle 'n eie Bybel besit.



Die vreugde waarmee die kinders God se Woord ontvang het, was aangrypend om te sien. Een leerder het gesê: "As jy meer van God wil weet, moet jy net die Bybel lees." Hierdie eenvoudige woorde getuig van die diepgaande impak van hierdie geskenk. Deur getroue vennootskappe sal die boodskap van Jesus Christus voortgaan om die lewens van hierdie kinders te vorm terwyl hulle in geloof en as mense groei.

Aan God al die eer. **ds**



DIE WOORD BINNE DIE STILTE

gee God se Woord aan dowe leerders



Die vreugdevolle uitdrukkings op die gesigte van dowe leerders wat onlangs hulle eie Bybels ontvang het, was 'n duidelike bewys van die verskil wat *Die Woord binne die Stilte*-projek kan maak danksy die hulp van vrygewige donateurs.

Oor die afgelope paar maande, het die Bybelgenootskap 420 Bybels vir Dowes aan vier skole beskikbaar gestel en so honderde leerders die geleentheid gegee om God se Woord te lees in 'n formaat spesifiek vir hulle behoeftes.

Die eerste oorhandiging van Bybels is vroeër vanjaar aan leerders van die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester gedoen.





Dit is in Junie opgevolg met 'n besoek aan twee skole rondom Kaapstad.

Rev Willem Swanepoel, Michelle Fisher en Leon Steenkamp het die Mary Kihn School in Observatory besoek, waar 62 leerders 'n eie Bybel ontvang het. Die hoof, Jill Willmot, was verras om te sien dat die kinders 'n volledige Bybel ontvang. In die verlede was dit net Nuwe Testamente wat aan die kinders gegee is. Die leerders was ewe opgewonde met hulle eie eksemplaar van *The Bible for the Deaf* wat danksy die taalgebruik, illustrasies en definisies maklik leesbaar en verstaanbaar is.

'n Week later is die Dominican School for the Deaf besoek waar 'n verdere 205 Bybels versprei is. Hier het veral die ouer kinders baie vrae gehad oor God en wat die Bybel sê

oor kwessies soos verhoudinge, spesifieke gedrag en geloof.

By die KwaThintwa School for the Deaf in KwaZulu-Natal, het past Brian Gopaul die oorhandiging van 153 Bybels aan leerders behartig. Die skool het die Bybels aangevra ter ondersteuning van sy Godsdiensonderrigprogram. As 'n Katolieke skool is die Bybel 'n belangrike deel van hulle kurrikulum. Hierdie Bybels sal nou 'n waardevolle hulpmiddel in die klaskamer wees tot die voordeel van leerders in grade vyf tot nege.

Hierdie donasie is moontlik gemaak deur ons donateurs wat *Die Woord binne die Stilte*-projek so ruimhartig ondersteun het. Elke bydrae help om struikelblokke uit die weg te ruim wat Dowes verhoed om die Woord van God te ervaar. **ds**



WELLINGTON STAP jaarliks vir Bybels



Die jaarlikse Bybelstap in Wellington, aangebied deur die plaaslike ATKV-tak, bring vir meer as 22 jaar mense bymekaar om fondse vir Bybelverspreiding in te samel.

Vanjaar se Bybelstap, wat op 7 Maart plaasgevind het, het 'n nuwe mylpaal bereik toe meer as 300 mense daaraan deelgeneem het. Teen die pragtige agtergrond van Wellington groei die Bybelstap jaarliks in gewildheid terwyl dit 'n blywende verskil maak.

Die geleentheid het R10 540 ten bate van die Bybelgenootskap ingesamel. 'n Verdere R3 000 is geskenk deur 'n jarelange ondersteuner, Dalene Whatts, 'n bydrae wat sy reeds vir baie jare getrou maak. Deelnemers het met trots die Bybelgenootskap se blou armbandjies gedra as teken van hulle verbondenheid aan en ondersteuning teenoor hierdie gemeenskaplike missie.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is opreg dankbaar teenoor

ATKV Wellington, projekkoördineerder Hentas Kotze, Dalene Whatts en elke deelnemer wie se getroue ondersteuning help om God se lewensveranderende Woord aan nog meer mense beskikbaar te stel. **ds**



BRAILLEBYBEL

bring God se Woord
nader aan blinde egpaar

'n Blinde egpaar van die Weskus kan oplaas die Woord van God vir hulself lees danksy die onlangse skenking van 'n Braillebybel deur die Bybelgenootskap.

Arthur William Christiansen, beter bekend as 'Prillie', en sy vrou, Lena, is twee bekendes in St Helenabaai. Hulle verdien 'n inkomste deur papier te herwin. Prillie en sy waentjie is 'n bekende gesig langs die paaie van hierdie Weskusdorpie.

Lena is van geboorte af blind en Arthur het op 'n jong ouderdom sy sig verloor, waarskynlik weens breinvliesontsteking. Albei het opleiding aan 'n skool vir blindes in Bellville-Suid ontvang. Geloof speel 'n belangrike rol in hulle lewe.

Vir baie jare het hierdie egpaar gesmag na 'n Braillebybel. Sonder so 'n Bybel kon hulle net tydens eredienste na die Woord van God luister.

Daarom was dit vir Arthur en Lena 'n besondere vreugde toe die Bybelgenootskap vanjaar 'n Braillebybel aan hulle geskenk het. Die Bybel is tydens 'n erediens van die NG gemeente St Helenabaai deur ds Christo Klopper aan hulle oorhandig.

Dit was 'n aangrypende oomblik vir die gemeente toe Lena die Skrifgedeelte vir die prediking met groot selfvertroue en vlotheid uit die



Braillebybel aan die gemeente voorgelees het. Dit was 'n getuigenis van die waarde daarvan om God se Woord toeganklik te maak vir almal.

Omdat die volumes van 'n volledige Braillebybel sewe kartonbokse vol maak, het die biblioteek van St Helenabaai goedgegunstiglik aangebied om die Bybel vir hulle te bewaar. Arthur en Lena kan enige tyd die gedeelte wat hulle wil lees, by die biblioteek gaan haal.

Arthur en Lena se storie herinner ons opnuut aan die belangrikheid van die Bybelgenootskap se werk om die Bybel vir elke mens in 'n verstaanbare en toeganklike formaat beskikbaar te stel.

Ons bid dat hierdie Bybel vir hulle tot groot seën sal wees en dat hulle deur die lees van God se Woord al hoe dieper sal groei in hulle verhouding met Jesus Christus. 



Nuwe Bybels bring vreugde vir GRAAD 7-LEERDERS

Die Bybelgenootskap het in Mei 170 Bybels aan leerders van Laerskool Birchleigh in Kempton Park voorsien as deel van sy *Bybels vir graad 7-leerders*-projek, wat deel vorm van sy missionale Bybelverspreidingsprogram.

Marelize van Tonder, 'n graad 7-onderwyseres, het haar vreugde oor hierdie spesiale donasie uitgespreek.

“Ek is diep dankbaar dat elke leerder 'n Bybel van hulle eie kon ontvang. Dit is 'n geskenk wat hulle waarde bevestig en dit gee hul toegang tot God se Woord. Om in hulle moedertaal te kan lees bou selfvertroue en begrip. Ek hoop die Bybel sal hulle karakter help bou en hul lei om wyse besluite te neem,” het sy gesê.

Sy het bygevoeg dat die leerders hierdie Bybels tydens stiltetyd ge-

bruik, asook vir lees met begrip en vir gesprekke oor waardes, empatie en respek.

“Ek wil die Bybelgenootskap bedank dat hulle in ons leerders se geestelike en opvoedkundige ontwikkeling belê.”

Die 13-jarige Tumi Seroka besit reeds 'n Bybel, maar sy was baie bly om 'n nuwe een te ontvang aangesien haar Bybel al oud is. Sy noem dat die Bybel vir haar van groot waarde is en 'n noodsaaklikheid in haar daaglikse lewe is. “Dit leer jou meer oor die wêreld en Jesus Christus. Wanneer jy hulp benodig met iets in die lewe, het jy Jesus nodig.”

Tumi hoop haar nuwe Bybel sal haar sal help om vriendeliker teenoor ander en haarself te wees. **ds**


Beskikbaar

Oktober 2026

ISBN: 9780798226233



ISBN: 9780798226240



**1933/1953-vertaling
Grootdrukbybels**
in bruin en maroen sagteband.



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

www.bibleshop.co.za



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

**Mag julle sy
liefde ken, liefde wat
ons verstand te bowe
gaan, en mag julle
heeltemal vervul word met
die volheid van God.**

**Efesiërs 3:19
(1983-vertaling)**

Jou Bybelhuis

Noordelike Streek

p 2002 Kempton Park 1620
t 011 970 4010

Oostelike Streek

p 30801 Mayville 4058
t 031 207 4933

Sentrale Streek

p 12149 Brandhof 9324
t 051 444 5980

Suidoostelike Streek

p 7579 Newton Park 6055
t 041 364 1138

Westelike Streek

p 4848 Tygervallei 7536
t 021 910 8777